
TIENDE:
'n Instelling
van die Kerk?
GOD EERSTE

**Tiende: ‘n Instelling van die Kerk?**

**Kopiereg** ©2019 deur Rentmeesterskapbedieninge Departement

Geskryf deur Marcos F. Bomfim

Geredigeer deur Johnetta B. Flomo en Sandra Blackmer

Bladsyontwerp en Uitleg, Johnetta B. Flomo

Buiteblad, Synesthezia Emotional Marketing LLC

Hierdie materiaal mag vertaal, gedruk of gefotostateer word deur enige Sewendedag-Adventiste entiteit sonder om verdere toestemming te verkry. Herdrukte dokumente moet die kredietlyn: “Stewardship Ministries Department, General Conference of Seventh-day Adventists, used by permission” insluit. Om hierdie werkstuk vir wins te verkoop, word verbied.

Rentmeesterskapbedieninge Departement
Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste
12501 Old Columbia Pike
Silver Spring, MD 20904, VSA
www.adventiststewardship.com

**Groepaktiwiteit**

# Tiende: 'n Instelling van die Kerk?

**Doel:** Om waardes te ontwikkel met betrekking tot aanbidding, tiendebetaling, die proporsionele stelsel van bydra.

**Opsomming van die aktiwiteite (vir fasiliteerders):**

- Verdeel die gehoor in groepe.
- Elke groep sal hulle toegewese vrae bespreek.
- Vra een verteenwoordiger van elke groep om die groep se besprekingsgevolgtrekkings te deel.

**ALGEMENE INSTRUKSIES:**

1. Kyk na die video saam met alle deelnemers. (Die video is hier beskikbaar: https://youtu.be/IQhW4Pt8tdE)

2. Verdeel deelnemers in groepe van 5-10 persone.

3. Ken een of meer vrae toe aan elke groep (elke groep behoort 'n verskillende vraag te hê).

4. **Leier en sekretaresse:** Elke groep sal 'n **leier** kies, wat die bespreking sal aanvoer, en 'n **sekretaresse**, wat die gevolgtrekkings sal neerskryf, en 'n verslag sal doen wanneer gevra word.

5. **Groep Opinie:** In die geval van oop vrae (geen regte of verkeerde antwoorde), behoort die groep te bespreek watter opinie(s) die gedagte van die hele Groep uitdruk (nie slegs die van die leier nie).

6. **Tydsduur:** Die groep behoort nie meer as vyf (5) minute te neem vir elke vraag nie, en sekretaresses moet nie meer as een (1) minuut neem wanneer gevra word om in die openbaar te antwoord nie.

7. **Om Saam te Groei:** Nadat die aangewese tyd vir die bespreking verby is, sal die fasiliteerder alle sekretaresses vra om vorentoe te kom, en hulle vra om die gevolgtrekkings wat deur hulle groepe gegee is, te lees. Elke sekretaresse sal een minuut hê om elke antwoord te lees.

8. Die fasiliteerder mag kommentaar lewer na elke respons.

# Om Saam te Groei

Voordat die vrae bespreek word, moet alle deelnemers gekyk het na die video, “The Origin of Tithe,” hier beskikbaar: https://youtu.be/IQhW4Pt8tdE)

1. Waarom glo u het Abraham sy tiende betaal toe daar geen kerke of formele bediening was om te ondersteun nie?

2. Onder watter omstandighede het Jakob ‘n tiendebetaler geword (Gen. 28:18-22): as ‘n werker wat in diens geneem was of nie in diens geneem was nie? Hoe sou u reageer op ‘n Christenvriendin wat glo dat sy nie ‘n tiendebetaler kan word nie, omdat sy ‘n persoon is wat nie in diens geneem is nie?

3. Waarom dink u dat God ‘n persentasie gespesifiseer het in plaas van ‘n bedrag, om as tiende teruggebring te word?

4. Wat dink u het Salomo bedoel met “eerstelinge” toe hy gesê dat ons “die Here moet vereer … uit die **eerstelinge** van al jou inkomste” (Spreuke 3:9, beklemtoning voorsien)?

5. Antonie is nie seker of hy tiende behoort te betaal op die bruto of netto inkomste nie. Hoe sou u groep hom help om te besluit, gebaseer op Salomo se raad (Spreuke 3:9)?

6. Martha is ‘n nuutgedoopte lidmaat wat uit ‘n ander genootskap kom. Sy sê dat diegene wat die belofte wat in Spreuke 3:9 gevind word, aanbied as nog steeds geldig en letterlik, is Voorspoed Teologie promoters. Hoe sou u groep haar help om hierdie versie te verstaan?

7. Beide tiende en die Sabbat is heilig

   a. Wat glo u, is ander ooreenkomste tussen hierdie twee instellings?

   b. Na u mening, watter bedoelinge van God is dieselfde as daardie twee instellings?

8. Armand, ‘n Adventiste entrepreneur, het ‘n oortuigende oproep van die Heilige Gees gevoel om getrou te wees in tiendebetaling. Hy was egter heelwat gefrustreerd toe hy gehoor het die tiende presies tien persent behoort te wees, omdat hy nooit voldoende rekord gehou het van sy verdienstes nie, en daarom is hy onseker hoe om

sy tiende uit te werk. Sommige kerkleiers het hom aangemoedig om 'n beraming te doen van sy tiende gebaseer op wat hy kan onthou. Wat sou u aan hom voorstel?

**KYK NA ANDER VIDEO'S IN HIERDIE REEKS HIER:**

**[https://stewardship.adventist.org/en-glish-stewardship-videos-for-millennials](https://stewardship.adventist.org/en-glish-stewardship-videos-for-millennials)**

## Notas:

## Notas:

GOD EERSTE

ADVENTISTE RENTMEESTERSKAPBEDIENINGE

www.adventiststewardship.com


DIE WAARHEID OMTRENT
TIENDE
GOD EERSTE
ADVENTISTE RENTMEESTERSKAPBEDIENINGE

**Die Waarheid Omtrent Tiende**

**Kopiereg** ©2019 deur Rentmeesterskapbedieninge Departement

Geskryf deur Marcos F. Bomfim

Geredigeer deur Johnetta B. Flomo en Sandra Blackmer

Bladsyontwerp en Uitleg, Johnetta B. Flomo

Buiteblad, Synesthezia Emotional Marketing LLC

Hierdie materiaal mag vertaal, gedruk of gefotostateer word deur enige Sewendedag-Adventiste entiteit sonder om verdere toestemming te verkry. Herdrukte dokumente moet die kredietlyn: "Stewardship Ministries Department, General Conference of Seventh-day Adventists, used by permission" insluit. Om hierdie werkstuk vir wins te verkoop, word verbied.

Rentmeesterskapbedieninge Departement
Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste
12501 Old Columbia Pike
Silver Spring, MD 20904, VSA
www.adventiststewardship.com

Groepaktiwiteit

# Die Waarheid Omtrent Tiende

**Doel:** Om waardes en gewoontes te ontwikkel met betrekking tot tiendebetaling; die Stoorkamer Beginsel en die gebruik van die tiende; om te wys dat die tiendebetaling gewoonte nie in die Nuwe Testamentiese era verwyder was nie; om waardes in konflikhantering te ontwikkel.

**Opsomming van die aktiwiteite (vir fasiliteerders):**

- Verdeel die gehoor in groepe.
- Elke groep sal hulle toegewese vrae bespreek.
- Vra een verteenwoordiger van elke groep om die groep se besprekingsgevolgtrekkings te deel.

**<u>ALGEMENE INSTRUKSIES:</u>**

1. Kyk na die video saam met alle deelnemers. (Die video is hier beskikbaar: https://youtu.be/B_F18hKMzq8).
2. Verdeel die deelnemers in groepe van 5 – 10 persone.
3. Ken een of meer vrae toe aan elke groep (elke groep behoort ‘n verskillende vraag te hê).
4. **Leier en sekretaresse:** Elke groep sal ‘n **leier** kies, wat die bespreking sal aanvoer, en ‘n **sekretaresse**, wat die gevolgtrekkings sal neerskryf, en ‘n verslag sal doen wanneer gevra word.
5. **Groep Opinie:** In die geval van oop vrae (geen regte of verkeerde antwoorde), behoort die groep te bespreek watter opinie(s) die gedagte van die hele Groep uitdruk (nie slegs die van die leier nie).
6. **Tydsduur:** Die groep behoort nie meer as vyf (5) minute te neem vir elke vraag nie, en sekretaresses moet nie meer as een (1) minuut neem wanneer gevra word om in die openbaar te antwoord nie.
7. **Om Saam te Groei:** Nadat die aangewese tyd vir die bespreking verby is, sal die fasiliteerder alle sekretaresses vra om vorentoe te kom, en hulle vra om die gevolgtrekkings wat deur hulle groepe gegee is, te lees. Elke sekretaresse sal een minuut hê om elke antwoord te lees.
8. Die fasiliteerder mag kommentaar lewer na elke respons.

# Om Saam Te Groei

**Voordat die vrae bespreek word, moes alle deelnemers die video, "The Truth About Tithe," gekyk het, wat hier beskikbaar is:** (https://youtu.be/B_F18hKMzq8)

1. Mariana het uitgevind dat een van haar bure, 'n enkelmoeder, haar werk verloor het en nie langer vir haar kinders kan voorsien nie. Mariana het haar tiende gebruik om die buurvrou te help. Die volgende Sabbat het sy probeer om meer kerklidmate te kry om daardie buurvrou te help en voorgestel dat hulle hulle tiende gebruik om daardie behoeftige persoon te help. Wat sou u doen indien u 'n kerkleier was?

2. 'n Welbekende ondersteunende bediening ontwikkel nuwe sending- en opvoedkundige projekte in 'n verarmde land, en hulle het 'n veldtog begin om te vra vir finansiële hulp. Carlos stel aan sommige kerklidmate voor, insluitende u, om deel van hulle tiende te gebruik om hierdie sendingprojek te ondersteun? Wat sal u doen?

3. U kerk, in 'n baie groot stad, is besig met opknappings, in afwagting van die vestiging van 'n Sentrum van Invloed, 'n projek wat miljoene Rande werd is. Die kerk ervaar wesenlike finansiële uitdagings en die kerk se tesourier stel voor dat u doen, wat

volgens hom, andere alreeds besig is om te doen: hulle tiende tydelik te herlei, en dit gebruik om die opknappingsprojek te ondersteun. Watter voorstelle sou aan hom gee om te help om die bedrae wat tot die kerk se begroting bygedra word te verhoog sonder om tiendes te aanvaar?

4. Wat glo u was die logiese rede waarom God gespesifiseer het, op ‘n baie gedetailleerde manier, die (1) persentasie van die tiende, (2) waarheen om dit te neem, en (3) hoe God se volk daardie fondse moet gebruik?

**KYK NA ANDER VIDEO’S IN HIERDIE REEKS HIER:**
**https://stewardship.adventist.org/en-glish-stewardship-videos-for-millennials**

**Notas:**

# Notas:

GOD EERSTE

ADVENTISTE RENTMEESTERSKAPBEDIENINGE

www.adventiststewardship.com


JESUS EN DIE
TIENDE
HOLY
GODEERSTE
ADVENTISTE RENTMEESTERSKAPBEDIENING

**Jesus en die Tiende**

**Kopiereg** ©2019 deur Rentmeesterskapbedieninge Departement

Geskryf deur Marcos F. Bomfim

Geredigeer deur Johnetta B. Flomo en Sandra Blackmer

Bladsyontwerp en Uitleg, Johnetta B. Flomo

Buiteblad, Synesthezia Emotional Marketing LLC

Hierdie materiaal mag vertaal, gedruk of gefotostateer word deur enige Sewendedag-Adventiste entiteit sonder om verdere toestemming te verkry. Herdrukte dokumente moet die kredietlyn: “Stewardship Ministries Department, General Conference of Seventh-day Adventists, used by permission” insluit. Om hierdie werkstuk vir wins te verkoop, word verbied.

Rentmeesterskapbedieninge Departement
Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste
12501 Old Columbia Pike
Silver Spring, MD 20904, VSA
www.adventiststewardship.com

**Groepaktiwiteit**

# Jesus en die Tiende

**Doel:** Om waardes te ontwikkel met betrekking tot konflikhantering, die gebruik van die tiende, en die proporsionele stelsel van bydra.

**Opsomming van die aktiwiteite (vir fasiliteerders):**

- Verdeel die gehoor in groepe.
- Elke groep sal hulle toegewese vrae bespreek.
- Vra een verteenwoordiger van elke groep om die groep se bespreekte gevolgtrekkings te deel.

**ALGEMENE INSTRUKSIES:**

1. Kyk na die video saam met alle deelnemers. (Die video is hier beskikbaar: (https://youtu.be/fFirQp1T6lc).
2. Verdeel die deelnemers in groepe van 5 – 10 persone.
3. Ken een of meer vrae toe vir elke groep (elke groep behoort 'n verskillende vraag te hê).
4. **Leier en sekretaresse:** Elke groep sal 'n **leier** kies, wat die bespreking sal aanvoer, en 'n **sekretaresse**, wat die gevolgtrekkings sal neerskryf, en 'n verslag sal doen wanneer gevra word.
5. **Groep Opinie:** In die geval van oop vrae (geen regte of verkeerde antwoorde), behoort die groep te bespreek watter opinie(s) die gedagte van die hele Groep uitdruk (nie slegs die van die leier nie).
6. **Tydsduur:** Die groep behoort nie meer as vyf (5) minute te neem vir elke vraag nie, en sekretaresses moet nie meer as een (1) minuut neem wanneer gevra word om in die openbaar te antwoord nie.
7. **Om Saam te Groei:** Nadat die aangewese tyd vir die bespreking verby is, sal die fasiliteerder alle sekretaresses vra om vorentoe te kom, en hulle vra om die gevolgtrekkings wat deur hulle groepe gegee is, te lees. Elke sekretaresse sal een minuut hê om elke antwoord te lees.
8. Die fasiliteerder mag kommentaar lewer na elke respons.

# Om Saam te Groei

**Voor bespreking van die vrae, moet alle deelnemers gekyk het na die video, "Jesus and the Tithe," beskikbaar hier: (https://youtu.be/GhkUQyQanCo).**

1. Robert, 'n getroue Adventiste entrepeneur, waardeer en promoveer Adventiste Onderwys. Behalwe dat al sy kinders by die Adventiste Skool studeer, gebruik hy deel van sy tiende om arm teologiese studente te ondersteun en moedig ander lidmate aan om dieselfde te doen. Hy sê, "Per slot van sake, sal daardie studente predikante word en sal later deur dieselfde tiende ondersteun word!" As 'n kerkleier, wat sou u doen en sê? (Het u antwoord enige Bybelse ondersteuning?)

2. Sharon, 'n baie konserwatiewe lidmaat, stem nie saam met besprekings van die leiers van haar Konferensie nie, wat sy beskryf as "liberale." Hoe sou jy reageer op haar vrae oor waar anders sy haar tiende heen kan stuur? (Word jou antwoord ondersteun deur die Bybel?)

3. Andre is ontsteld dat sy baie vrae om 'n besoek van sy kerk predikant te ontvang, onbeantwoord bly. As gevolg daarvan, het hy besluit om sy tiende aan 'n

ADRA projek in die Peruviaanse Amasone te stuur. Gebaseer op die Bybel, wat sou u hom aanraai om te doen?

4. Gustav, ‘n baie invloedryke en welgestelde lidmaat van u kerk promoveer openlik die idee dat die tiende ‘n Ou Testamentiese instellling is wat nie langer nodig is om onderhou te word in die Nuwe Testamentiese era nie.

   a. Deur u Bybel te gebruik, hoe sou u op Gustav se redenasie reageer?

   b. Indien u ‘n kerkleier was, wat sou die beste ding wees om te doen? Sou u Gustav in die openbaar konfronteer? Sou dit die beste wees om stil te bly ten einde die risiko van ‘n konflik te vermy? Deur Bybelse beginsels van konflikhantering te gebruik, hoe sou u hom help om te groei?

**KYK NA ANDER VIDEO’S IN HIERDIE REEKS HIER:**

**https://stewardship.adventist.org/en-glish-stewardship-videos-for-millennials**

# Notas:

## Notas: